# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Thursday 2 July 1987 — WINDHOEK — Donderdag 2 Julie 1987 — No. 5391

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICE**

No. 2 Publication of Ordinance of Legislative Assembly of the Coloureds. Unauthorized Expenditure (1983/84). 1

INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWING**

No. 2 Afkondiging van Ordonnansie van Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge. Ongemagtigde Uitgawes (1983/84) 1

## Government Notice

REPRESENTATIVE AUTHORITY OF THE COLOUREDS

No. 2 — 1987

PUBLICATION OF ORDINANCE OF THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE COLOUREDS

The following Ordinance assented to by the Administrator-General in terms of the provisions of the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 8 of 1980), is hereby published in terms of Section 15 of the Representative Authority of the Coloureds Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 14 of 1980).

No. 3 of 1986: Unauthorized Expenditure (1983/84) Ordinance, 1986.

## Goewermentskennisgewing

VERTEENWOORDIGENDE OWERHEID VAN DIE KLEURLINGE

No. 2 — 1987

AFKONDIGING VAN ORDONNANSIE VAN WETGEWENDE VERGADERING VAN DIE KLEURLINGE

Die volgende Ordonnansie waartoe die Administrateur-generaal ingevolge die bepalings van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980), toegestem het, word hierby ingevolge Artikel 15 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Kleurlinge, 1980 (Proklamasie AG. 14 van 1980), afgekondig.

No. 3 van 1986: Ongemagtigde Uitgawes (1983/84) Ordonnansie, 1986

**Ordinance No. 3 of 1986**

# UNAUTHORIZED EXPENDITURE (1983-84) ORDINANCE, 1986

*(Assented to by the Administrator-General on 6 May 1987)*

*(Afrikaans text signed)*

# ORDINANCE

**To provide for the defrayment of unauthorized expenditure from the Revenue Fund of the Representative Authority of the Coloureds incurred for the administration of the affairs of the Coloureds during the financial year which ended on 31 March 1984.**

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly of the Coloureds, as follows:-

Defrayment of unauthorized expenditure from Revenue Fund of Representative Authority of the Coloureds.

**1.** (1) The Revenue Fund of the Representative Authority of the Coloureds is hereby charged with the amount set out in the Schedule for the defrayment of certain expenditure not provided for in the amounts appropriated for the administration of the affairs of the Coloureds in the financial year which ended on 31 March 1984.

(2) The expenditure referred to in subsection (1) is more fully described in paragraph 5 on page 2 of the Report of the Auditor-General on the Accounts of the Representative Authority of the Coloureds for the Financial Year 1983-84 which was submitted to the Legislative Assembly of the Coloureds, and in the Report of the Select Committee on Public Accounts, 1985.

Short title.

**2.** This Ordinance shall be called the Unauthorized Expenditure (1983-84) Ordinance, 1986.

SCHEDULE

| VOTE | | AMOUNT |
|---|---|---|
| No. | Title | R |
| 3 | Education and Cultural Promotion ........................... | 573 979,53 |
| | TOTAL | 573 979,53 |

**ONGEMAGTIGDE UITGAWES (1983-84) ORDONNANSIE, 1986**

**Ordonnansie No. 3 van 1986**

*(Toegestem deur die Administrateur-generaal op 6 Mei 1987)*

*(Afrikaanse teks geteken)*

# ORDONNANSIE

**Om voorsiening te maak vir die bestryding van ongemagtigde uitgawes uit die Inkomstefonds van die Verteenwoordigende Owerheid van die Kleurlinge aangegaan vir die administrasie van die sake van die Kleurlinge in die boekjaar wat op 31 Maart 1984 geëindig het.**

Die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge VERORDEN SOOS VOLG:-

Bestryding van ongemagtigde uitgawes uit Inkomstefonds van Verteenwoordigende Owerheid van die Kleurlinge.

**1.** (1) Die Inkomstefonds van die Verteenwoordigende Owerheid van die Kleurlinge word hierby belas met die bedrag uiteengesit in die Bylae vir die bestryding van sekere uitgawes waarvoor daar nie in die bedrae bewillig vir die administrasie van die sake van die Kleurlinge in die boekjaar wat op 31 Maart 1984 geëindig het, voorsiening gemaak is nie.

(2) Die uitgawes in subartikel (1) bedoel word nader omskryf in paragraaf 5 op bladsy 2 van die Verslag van die Ouditeur-generaal oor die Rekeninge van die Verteenwoordigende Owerheid van die Kleurlinge vir die Boekjaar 1983/84, wat aan die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge voorgelê is, en in die Verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekeninge, 1985.

Kort titel.

**2.** Hierdie Ordonnansie heet die Ongemagtigde Uitgawes (1983-84) Ordonnansie, 1986.

BYLAE

| BEGROTINGSPOS | | BEDRAG |
|---|---|---|
| No. | Titel | R |
| 3 | Onderwys en Kultuurbevordering ............................ | 573 979,53 |
| | TOTAAL | 573 979,53 |